

OPKLARING: OPGAWEDRUMPELS EN -DATUMS

Pretoria, Donderdag 6 Junie 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het verneem dat die kriteria vir belastingpligtiges wat nie 'n inkomstebelastingopgawe hoof in te dien nie, verkeerd geïnterpreteer word.

Die doel van Belastingseisoen

- Die doel van Belastingseisoen is om inkomstebelastingopgawes in te dien om seker te maak dat individuele belastingpligtiges se belastingsake in orde is.
- Meeste salaristrekkende belastingpligtiges het reeds belasting betaal deur Lopende Betaalstelsel (LBS) wat van hulle salarisse afgetrek word deur 'n werkgewer wat die belastingaftrekking aan SARS oorbetaal.
- Indien sodanige belastingpligtiges vereis is om opgawes in te dien, soos die wat meer as R500 000 per jaar verdien, word dit oor die algemeen van hulle vereis om te bevestig wat SARS reeds oor hulle inkomste en finansiële status weet.
- Hoewel, ander belastingpligtiges wat onder die opgewedruimpel verdien, kan nodig hê om 'n opgawe in te dien, omdat hulle ander bronne van inkomste moet verklaar soos huurinkomste of besigheidsinkomste, of om belasting-verwante aftrekkings te eis soos mediese uitgawes wat nie deur hul mediese skema gedek is nie, uittree-annuïteitsbydraes en reisonkoste.
- SARS rekonsilieer dan wat deur die werkgewer oorbetaal is met wat die belastingpligtige op sy/haar inkomstebelastingopgawe verklaar
- Na hierdie rekonsiliasie, kan die aanslag of belastingberekening lei tot die belastingpligtige wat addisionele belasting aan SARS moet betaal, of 'n terugbetaling moet ontvang, of geen een van die twee, d.i. nie die belastingpligtige, of SARS skuld enigiets nie.
- Die doel van Belastingseisoen is nie terugbetalings nie en die indien van 'n belastingopgawe waarborg nie vir jou 'n terugbetaling nie.

Die R500 000-drumpel en kriteria vir diegene wat nie 'n opgawe hoof in te dien nie

- Die drumpel verwys na diegene wat nie 'n belastingopgawe hoof in te dien nie, en verwys nie na die wat nie hoof belasting te betaal nie.
- Die opgawe-drumpel is nie dieselfde as die belastingdrumpel vir die betaal van belasting of die aftrek van Lopende Betaalstelsel (LBS) nie (jy het reeds belasting betaal deur die LBS wat van jou salaris afgetrek is, indien jy meer as R 79 000 per jaar verdien, vir diegene jonger as 65 jaar, vir die 2020 belastingjaar).
- Die drumpel van R500 000 is nie die enigste voorwaarde nie. Al die volgende voorwaardes moet ook van toepassing wees, voordat jy nie 'n belastingopgawe hoof in te dien nie:
 - Jou besoldiging word deur een werkgewer betaal of een bron (indien jy van werk verander het gedurende die belastingjaar, of meer as een werkgewer of bron van inkomste het, moet jy 'n opgawe indien)
 - Jy het geen voertuig- of reistoelaag of maatskappymotor-byvoordeel wat as addisionele inkomste beskou word nie

- Jy het geen ander vorm van inkomste soos rente, huurinkomste of ekstra inkomste uit 'n kantlyn-besigheid soos die verkoop van Tupperware of gebakte goedere nie
- Werknemersbelasting (d.i. LBS) is afgetrek of teruggehou.

SARS belastingberekeninge

SARS sal 'n belastingberekening doen vir belastingpligtiges wat nie 'n opgawe hoof in te dien nie, asof hulle wel ingedien het. Dit sal die belastingpligtige met geskrewe bevestiging voorsien dat sy/haar status wel as belastingnakomend toon by SARS.

Belastingopgawe indieningsdatums

- eFiling open op 1 Julie en sluit op 4 Desember 2019
- Indiening by takke open op 1 Augustus en sluit op 31 Oktober 2019.
- Voorlopige belastingpligtiges het tot 31 Januarie 2020 om deur eFiling in te dien.

Belastingopleidingswerkswinkels

'n Volle skedule van belastingopleidingswerkswinkels by ons takke is beskikbaar op die SARS-webtuiste onder [Learn about Tax](#).

Mobiele Belastingeenhede

Mobiele belastingeenhede is soos mobiele takke wat na verliggende areas gaan. Vir die skedule van datums en streke waar die mobiele eenhede sal besoek, [klik hier](#).